Tel. **086 133 3786**
Faks 012 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

ATKV-SA AKADEMIEPRYS 2020

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel 'n jaarlikse prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in 'n betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het, dus R10 000 per artikel. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hanteer die keuringsproses.

Die beste artikels wat in 2018 verskyn het, is deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê en deur ‘n paneel van vakkundiges beoordeel. Die pryswenners in 2020 is soos volg:

Geesteswetenskappe:

- Prof. Johann Beukes van die Departement Filosofie, Universiteit van die Vrystaat vir sy artikel ‘Die Arabiese trajek in die Karolingiese periode van Middeleeuse filosofie’ in *LitNet Akademies,* 15(3), 2018.

- Dr. Rinda Botha, Departement Publiekreg, Universiteit van die Vrystaat vir die artikel ‘Geloof in heksery – ’n grondige verweer in die strafhof, of ’n gegoël met die reg?’ in *LitNet Akademies,* 15(1), 2018.

- Prof. Pieter J. Fourie, Departement Kommunikasiewetenskap, Universiteit van Suid-Afrika vir sy artikel ‘Die invloed van die digitale medialandskap op mediateorie: Van effekteorie tot mediatiseringsteorie’ in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 58(4-1), Desember 2018.

- Prof. Cornelius J.P. Niemandt, Departement Godsdiensstudies, Universiteit van Pretoria; drr. Jan F. Marais en Pieter van der Walt, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch; dr. Willem J. Schoeman, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van die Vrystaat en dr. Nico Simpson, Bybel-media, Wellington vir hulle artikel ‘Corrigendum: ’n Navorsingstrategie vir missionale transformasie’ in *Verbum et Ecclesia* 39(1), 2018.

Natuurwetenskappe:

- Dr. Christine Taljaard en prof. Hester H. Vorster van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Noordwes-Universiteit vir hulle artikel ‘Belasting op suikerversoete koeldranke in Suid-Afrika: Perspektiewe uit die voedingsveld’ in *SATNT,* 37(1), 2018.

- Proff. Adriaan J. Reinecke en Sophia A. Reinecke, Departement Plant- en Dierkunde, Universiteit Stellenbosch vir hulle artikel ‘Bedreig antropogeniese omgewingsveranderinge grondbiodiversiteit?’ in *SATNT,* 37(1), 2018.